



## Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305  
Bainsvlei  
9338



Telefoon: 082 455 4303  
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com  
Faks: 086 619 2695

### **Handelinge van die Volksvergadering van die Geloftevolk in Suid-Afrika, 29-30 September 2018, te Orania Volksskool.**

#### **Tema: Rigters 2:2d - Wat het julle nou gedoen?**

Die tema van die vergadering noep mens tot selfondersoek: waarom het ons in hierdie situasie beland? Die antwoord sal bepalend wees om die oorsake ten einde te bring sodat ons lot ten goede kan verander.

Tydens die afgelope Volksvergadering is waardevolle referate gelewer met betrekking tot grondgebied wat onomwonde aan hul regmatige eienaars behoort. Die GKK het beswaar gemaak teen die beoogde wysiging van die Grondwet om blanke eiendom wettig te konfiskeer. Eersdaags sal 'n aankondiging gemaak word van die beoogde regsstappe, soos uiteengesit in ons Parlementêre beswaarskrif. Laai die beswaarskrif gerus af by

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2018081455219\\_item\\_2018-Land-Expropriation---Art-25-CCPV-Protest.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2018081455219_item_2018-Land-Expropriation---Art-25-CCPV-Protest.pdf)

Volg ook gerus die verloop van ons regszaak wat beskikbaar wees op die webblad [www.boererepublieke.org](http://www.boererepublieke.org)

#### **Opsomming van die referate gelewer te Volksvergadering 2018**

Hieronder volg die opommings van die referate. Indien u die volledige referate wil lees, laai dit gerus af by [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za) onder 2018 se Dokumente.

#### **Rig 2:2d - Wat het julle nou gedoen?** – Flip Swanepoel.

Die vergadering neem met dank kennis van die invloed van hierdie vraag op ons eie geskiedenis. Die Engel van die HERE [JHWH] het dit aan Israel gevra omdat hulle nie volgens wet die heidene verdryf het met die inneem van die Beloofde Land nie. Israel het nie die land gesuiwer van heidense godsdienste en gebruike, nie. Die straf daarvoor was dat die **heidene en hul godsdienste 'n strik** vir Israel geword het. Die Israeliete het hul met die nasies vermeng en dit het hulle baie duur te staan gekom. Dit het tot gevolg gehad dat hulle wêreldwyd verstrooi is,

ook hier duskant die riviere van Kus waar ons tans woon. Vader JHWH [die HERE] se bedoeling is dat Sy volk apart moet wees sodat hulle Hom in afsondering kon dien. Daarom het Hy aan Farao gesê dat Israel moes trek sodat hulle Hom kon dien. Hulle kon Hom nie dien te midde van die multi-godsdienstige aard van Egipte nie.

Binne ons as volk se bestaan vereis Rig.2:2d dat ons verantwoording moet doen voor ons hemelse Vader oor die wyse waarop ons as volk ons bestaan voer. Die Hand van ons hemelse Vader is duidelik merkbaar voor en sedert die koms van ons voorsate hierheen. Ons drie Geloftes waardeur ons as volk direk aan Hom verbind is, dien as bewys.

Hierdie referaat skets die wyse waarop God Almagtig met ons as volk bemoeienis maak en ons seën waar ons doen wat reg is en ons straf waar ons afwyk van Sy Woord.

Die huidige toedrag van sake, waarin ons as volk gebuk gaan onder strafgerig is weens ons nalatigheid om ons Geloftes na te kom. Dit wat ons tans beleef is in ooreenstemming met die straf soos wat die Engel oor Israel van ouds aangekondig het: *Rig.2:3 So sê Ek dan ook: Ek sal hulle nie voor julle uit verdrywe nie, sodat hulle **vyande vir julle sal wees, en hulle gode 'n strik vir julle.***

**Die enigste manier om as volk voort te bestaan is om ons Geloftes na te kom.** Daardeur sal die redes vir die huidige strafgerig verdwyn. God het van Israel verwag om Hom in afsondering te dien en Sy volk uit Egipte laat trek om daaraan gehoor te gee. Dieselfde geld vir ons vandag. Paulus beaam dit in 2Kor.6:14-18 - gaan onder hulle uit en sonder julle af en raak nie aan wat onrein is nie en dan sal Ek julle aanneem – en julle sal My volk wees en ek julle God [Elohiem].

Temidde van die heidense strik waarin ons ons tans bevind, moet ons ons tot ons hemelse Vader bekeer. Benewens die nakoming van die Van Riebeeck Geloofte op 6 April; en om 27 Feb. deur te bring as Dag van Verootmoediging, moet ons as volk jaarliks op Geloftedag [16 Des.] by Paardekraal byeenkom om daardeur beide die Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal na te kom.

Hierdie referaat neem u deur die geskiedenis en wys die geleentheid uit waar die Engel van die HERE [JHWH] ons kon vra: **Wat het julle nou gedoen?** Daarom moet jy jou gedurig die vraag afvra, waarmee is ek besig en wat sal die Engel van JHWH [die HERE] daarvan sê? Laai gerus die volle referaat af by:

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102112311\\_item\\_2018-Referaat---Wat-het-julle-nou-gedoen.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102112311_item_2018-Referaat---Wat-het-julle-nou-gedoen.pdf)

### **Gee die volks-geloftes vir die Geloftevolke die vestigingsreg tot grondgebied in Suid-Afrika ?** – Johan Erasmus.

Die vergadering neem met dank kennis van die referaat waarin onderskeid getref word tussen Goddelike reg en menslike reg. Goddelike reg word bepaal deur die HERE God (JHWH), teenoor menslike reg wat deur mense bepaal word. Die reg wat van mense af uitgaan is ondergeskik aan die reg wat van God af

uitgaan. Uit die Heilige Skrifte is dit duidelik dat die HERE God wat Adam en Eva geskape het; aan hulle die opdrag gegee het om te vermeerder, die aarde te vul, te bewoon, daaroor te heers en dit te onderwerp aan die gesag van God.

Om hul heersers verantwoordelikheid na te kom het God aan hulle en hul nageslag die aarde gegee om op te woon, wat hulle Goddelike verblyfsreg is. Hierdie heersers opdrag het God nie gekanselleer nie, en ook nie die verblyfsreg nie; wat steeds van krag is voor die Regterstoel van God vandag. Deur God se voorsienigheid het ons voorgeslagte groot dele van Suidelike Afrika in besit geneem deur wettige prosesse; waarvan meeste gronde gekoop is van inboorlinge, en so wettiglike volkseïendom is. Ons volksgeloftes en volksgeskiedenis getuig van die volksbehoefte aan grondbesit en 'n diepe verlange om die Goddelike verantwoordelikheid om te heers en alles aan die gesag van Christus te onderwerp. Ons volksgeloftes spreek onomwonde van die Goddelike opdrag om onself hier te vestig en oor alles te heers, sodat die Koningkryk van Christus die aarde kan vul. Laai gerus die volle referaat af by:

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111546\\_item\\_2018-Referaat---Gee-ons-volksgeloftes-aan-ons-vestigingsreg.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111546_item_2018-Referaat---Gee-ons-volksgeloftes-aan-ons-vestigingsreg.pdf)

### **'n Christen teokrasie as 'n alternatief vir die multikulturele demokrasie in Suid Afrika** – Dr. Ronnie van der Merwe

Die vergadering neem met dank kennis van die referaat. 'n Oorsig word gegee oor die ontwikkeling en toepassing van die *demokratiese bestuurstelsel*. Hoewel die praktiese toepassing in verskillende volkshuishoudings varieer, is daar algemene ooreenkomste, nl.

- i) Die stelsels het ontwikkel in die lande waar kulturele homogeniteit die uitvoerbaarheid daarvan moontlik gemaak het.
- ii) Waar wel kulturele diversiteit bestaan, is die stelsel ontwerp om kultuurgroepe in ag te neem en te omlyn in die besluitnemingsproses.
- iii) Godsdiensvryheid geld deurgaans.
- iv) Die reg van die mens vorm die beginsel van die stelsel.
- v) Die ontwikkeling van die demokrasie en die volhoubare toepassing daarvan het in die **afwesigheid** van die grootste mense verdeler, nl. ras, plaasgevind.

Geen demokratiese stelsel is gevrywaar teen onsigbare groepsbeheer en beïnvloeding nie. Waar gepoog word om die stelsel as 'n oop demokrasie oor rasse toe te pas, vind natuurlike koagulering rondom ras plaas sodat die meerderheidsras die minderheidsgroepe na eie belang en behoefte bestuur en in werklikheid gevange hou.

Die Geloftevolk in Suid Afrika se gebondenheid aan die nastrewing van Skriftuurlike beginsels van volksbestuur kan geensins geakkomodeer word in enige toepassing van die demokratiese sisteem nie. Die vroeëre poging van die ZAR om die eienskappe van 'n teokrasie in die demokrasie te vervat, het ook misluk.

Die praktiese uitvoering van die Bloedrivier Gelofte, waar onderneem was om 'n Volkshuis tot eer van die HERE te stig, verg niks minder nie as 'n volkome soewereine Volkshuis onder die Albestuur van die Drie Enige GOD in 'n Christen Teokratiese volksbestuur stelsel. Laai gerus die volle referaat af by:

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111431\\_item\\_2018-Referaat---Christen-teokrasie-as-alternatief-vir-multikulturele-demokrasie.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111431_item_2018-Referaat---Christen-teokrasie-as-alternatief-vir-multikulturele-demokrasie.pdf)

### **Die getuienis van Skrifgetalle in ons volk se geskiedenis.** – Adv. Lourens Joubert.

Die vergadering neem met dank kennis van hierdie referaat. Daar is getalle wat in die Skrif voorkom waaruit dit onmiskenbaar blyk dat die getalle betekenis dra. Hierdie getalle herhaal hulleself in die Skrif en verduidelik iets meer van ons Hemelse Vader JHWH se handeling ten opsigte van die bepaalde saak ter sprake.

Die eenvoudigste maar kragtige voorbeelde is die getalle 7 en 12 wat telkemale aangetref word en getuig van Vader JHWH se direkte betrokkenheid en selfs bedoeling by die saak ter sprake. So bv. is die aarde in 6 dae geskep en het Hy op die 7de dag gerus nadat Hy met die volmaaktheid van Sy skepping tevrede was. Die getal 7 kom dan by meerdere geleenthede in die Bybel ter sprake en spreek van Vader se volmaakte handeling. So ook met die getal 12. Deur die verband waarin die betrokke getal gebruik is in ag te neem, word 'n deurlopende betekenis dan gevind.

Deur op te let na waar sulke betekenisvolle skrifgetalle in ons volk se geskiedenis voorkom, kan gevolglik betekenis gevind word in ons Vader JHWH se betrokkenheid by sodanige gebeure. Die oorsigtelike studie toon, soms verrassend, dat ons Hemelse Vader, voortdurend by ons volk betrokke was en steeds is!

Die vergadering getuig van getalle wat hul lewens verander het asook hoe hulle getalle op pad hierheen bemerk het wat aansluit by die referaat. Laai gerus die volle referaat af by:

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111708\\_item\\_2018-Referaat---Getuienis-van-Skrifgetalle-in-ons-Volk-se-geskiedenis.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102111708_item_2018-Referaat---Getuienis-van-Skrifgetalle-in-ons-Volk-se-geskiedenis.pdf)

### **Wat is die uitvoerbaarheid van vryheid, gelykheid en broederskap in 'n demokratiese stelsel?** - Phillip Groenenstein

Die ontstaan van die westerse politieke stelsels het hulle oorsprong in die Antieke Tyd en veral vanuit die Romeinse Ryk.

Die Romeinse gedagte van “*Humanatis*” het die filosowe van die *Renaissance* tydperk sterk beïnvloed. Gekoppel daaraan die vergrype oor die eeue heen van

heersers teenoor hulle onderane en ekonomiese probleme wat Europa ondervind het was die tyd in Europa ryp vir veranderinge.

Die Franse Rewolusie is veral bekend vir die slagspreuk “Vryheid, Gelykheid en Broederskap”. Hierdie slagspreuk is nie net nie in die Franse Republiek konstitusie opgeneem nie maar ook in die **Verenigde Nasies se “Declaration of Human Rights”**.

John Stuart Mill indentifiseer 4 fases van demokrasie in sy werkstuk “On Liberty” wat hy in 1859 gepubliseer het.

- Fase een was waar die heersers moes regeer maar met **‘tipe grondwet** waarin die burger beskerm word teen die moontlike vergrype en tirannie van ‘n heerser.
- Dit het duidelik geword dat die verskansing van regte nie ten volle die probleem aangespreek het van heersers wat hul magte oorskry nie. In die tweede fase word die heerser vervang met ‘n soort eie regering. **“Government by the people, for the people”**.
- Gedurende die 3<sup>de</sup> fase begin die meerderheid se wil die bepalende faktor word. Die wil van die meerderheid is wat geld en rigting gee. Die owerhede en staats instrumente is dan verantwoordelik om hierdie wil af te dwing. Mill noem hierdie fase die **tirannie van die meerderheid**.
- In die vierdie fase van demokrasie word die instrumente van die staat gesystap en word die “populêre wil” van die meerderheid afgedwing deur wat Mill na verwys as die **“self-tiranie van die samelewing”**

Universele stilswyende onderwerping aan mag word aanvaar en gewild gemaak op 'n politieke vlak, wat geleidelik oorspoel na die samelewing, waarin die rasionaal ontstaan nl.:

Mag word gevestig op grond van die idee dat die meerderheid in beheer is, en dat die meerderheid geen ander regverdiging nodig anders as homself nie. Mill merk tereg op dat hierdie vorm van meerderheids tirannie een van die ergste vorms van tirannie is wat bestaan.

Mill meld verder dat hierdie “sosiale tirannie” meer formidaal is as baie soorte van politieke onderdrukking aangesien, hoewel dit nie gewoonlik deur uiterste swaar strawwe gehandhaaf word nie, laat dit minder ruimte om vanaf te ontsnap, penetreer dit dieper in die besonderhede van die lewe en verslaaf dit die siel self!

‘n Bose sirkel is voltooi maar een waar die meerderheid salig onge-erg is dat hulle die tirannie geword het waarteen gewaak moes word. Vryheid, Gelykheid en Broederskap het dan die onderspit gedelf ten gunste van die “self tirannie van die samelewing” deur die wil van die meerderheid. Beheer jy die wil van die meerderheid dan beheer jy die samelewing. Laai gerus die volle referaat af by:

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102112234\\_item\\_2018-Referaat---Uitvoerbaarheid-van-vryheid,-gelykheid-en-broederskap.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20190102112234_item_2018-Referaat---Uitvoerbaarheid-van-vryheid,-gelykheid-en-broederskap.pdf)